

# KOMMUNIKAMMA 18 APRIL



## **Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:**

U blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

## **TEKS vir die WEEK:**

### **2 Korintiërs 1:3**

*“Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee.”*

## **SAKE vir GEBED:**

- Tree ernstig in vir die beroepingsproses. Bid dat die Here die pre-advieskommissie kragtig sal gebruik om onder die leiding van die Gees 'n kortlys saam te stel.
- Ons verootmoedig ons voor die Here en bid vir reën in ons opvangsgebiede.
- Die Here se voorsiening vir mense wat tans finansiële en emosioneel swaartrek. Vra vir die Here of jy die antwoord op ons gebede is vir bydraes vir PE-Noord en gehoorsaam sy stem.
- Tree in vir die President en alle mense in gesagsposisies vir wysheid en integriteit in die uitvoering van hulle pligte.
- Dat Josh sal genees van die virus wat verhoed dat hul hom dadelik kon opereer. Bid ook vir Dawid Keyter wat met kanker gediagnoseer is. Dank Hom dat hy saam met Dawid, sy vrou Alida en hulle familielede die pad stap.
- Lynn en Laurine Lombard met die skielike dood van Sarel.
- Vir veilige reise vir diegene wat 'n kort breek neem tydens die skoolvakansie.
- Ramadan word vanaf 13 April tot 12 Mei gevier. Ons weet dat God die wêreld so liefhet het dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Ons bid dat Moslems sal honger na 'n lewende verhouding met die Drie-enige God. Gebedspunte en 'n Gebedsgids van Jerigo mure is op die gemeente se webblad beskikbaar.

## **There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:**

Bid saam met **Siriese** gelowiges dat hulle die lig van hoop in Sirië sal wees en vertroosting en wysheid sal bied aan diegene wat getraumatiseer is as gevolg van 'n gebrek aan voedsel en basiese hulpbronne.

## **EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU**

Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Maskers moet gedra en 'n veilige afstand gehandhaaf word. Vir jou koors wat gemeet sal word en vir die saniteer van hande, het ons alles in plek. Daar mag nou 250 persone per erediens in die kerkgebou wees.

**Indien jy 'n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn vorm te voltooi.**

<https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8>. **Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi.**

**Jou bespreking verseker jou van 'n plek in die eredienste.**

Ons versoek hoë risiko persone om nie die dienste in die kerkgebou by te woon nie. Indien jy enige griepsimptome toon, bly asb ter wille van jou eie en ander se veiligheid by die huis.

Digitale dienste het gekom om te bly en sal, soos altyd, beskikbaar gestel word.

## **PROGRAM VIR DIE WEEK:**

### **Sondag 18 April**

**08:30 Eietydse Diens – (<https://youtu.be/eWuzKmxpKv8>)**

Skakel gerus op Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

#### **10:00 – Klassieke Diens**

Deurdankoffer by die eredienste gaan vir Merryvale.

#### **10:00 – Kategese**

Kategese by die kerkgebou vir graad 1 tot 6. Covid protokol is in plek en ons sal alles in ons vermoë doen om die jongmense veilig te hou. Graad 7 tot 11 kategese vind by ouerhuise plaas.

#### **Maandag 19 April**

##### **12:45 GEMEENTEBIDUUR**

Ons hou Maandae 'n gebedsgeleentheid in die konsistorie, maar ook via Zoom. Almal is welkom. Kontak Niekie indien jy wil saam bid of 'n gebedsversoek het.

#### **Dinsdag 20 April**

##### **Voedselhulp aan PE-Noord**

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

**Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds R184 414 gebruik om kos aan te koop.**

**Die gemeente se beskikbare fondse vir hierdie projek is baie min. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.**

Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Piet en Sonja Spies (Cassialaan 82) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

#### **Woensdag 21 April**

##### **KERKKANTOOR**

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. Maak 'n afspraak by Niekie indien jy kerkkantoor toe wil kom. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

#### **Vrydag 23 April**

##### **05:00 MANNEGROEP**

Die mannegroepbyeenkoms vergader by Frans Stapelberg, Carnationlaan 15. Indien jy wil deel word, kontak vir Frans vir meer besonderhede by sel: 082 773 6205.

#### **Vrydag 23 April tot Vrydag 1 Mei**

Skoolvakansie

Daar sal geen Kommunikamma wees vir 25 April nie.

#### **Sondag 25 April**

**09:00 – Erediens** (Deurdankoffer vir MTR Smit Kinderoord)

#### **Dinsdag 27 April**

##### **Vryheidsdag**

##### **Voedselhulp aan PE-Noord**

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

**Die gemeente se beskikbare fondse vir hierdie projek is baie min. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.**

Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Piet en Sonja Spies (Cassialaan 82) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

#### **Woensdag 28 April**

##### **KERKKANTOOR**

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. Maak 'n afspraak by Niekie indien jy kerkkantoor toe wil kom. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

#### **Sondag 2 Mei**

**09:00 – Erediens** (Deurdankoffer vir Maranatha)

## **Die pad vorentoe.**

'n Medeleraar is nodig vir Kraggakamma Gemeente. Die bedieningsbehoefte en -uitdagings is groot en ons finansies laat dit toe. Ons moet bid vir die proses. Kandidate is verminder na die volgende 4 aansoekers (in alfabetiese volgorde): Nicola Alberts, Elsché Eygelaar, Tiaan Pretorius en Du Toit Wessels. Daar word Donderdag 22 April Zoom-onderhoude met die 4 kandidate gehou.

Indien jy na die preke van die kandidate wil luister, kan julle die volgende skakels volg:

Nicola Alberts (<https://youtu.be/gRJBLVE0vLc> , <https://youtu.be/H700-4YdJU8> )

Elsché Eygelaar (<https://youtu.be/46fQpfBxe00> )

Tiaan Pretorius (<https://youtu.be/5DKMtV5WNQ4> , <https://youtu.be/uyyJdqPif5M> )

Du Toit Wessels (<https://youtu.be/ePRy3apXUz0> )

Die nut van die huidige pastorie, asook herstelwerk wat gedoen moet word, moet ondersoek word. Die moontlikheid om die pastorie te verkoop en eerder 'n subsidie te gee, sal verder ondersoek word.

## **BOURESERWEFONDS**

Ons geboue is ook 'n getuigenis dat ons God se fontein van liefde is. Die kerk kompleks benodig groot opknappingswerk soos bv verf, facia's, oorhange, geute ens. Daar moet ook werk by die Gazanialaan pastorie gedoen word. Die totaal van die herstelwerk- en opknappingswerk beloop na raming baie naby aan 'n miljoen rand. Die werk sal oor 'n tydperk aangepak word soos fondse beskikbaar raak.

Ons boureserwefonds is uitgeput na die verbeteringe aan die kerkgebou.

Ons weet dit is moeilike tye vir baie van ons, maar as die Here vir u geseën het, oorweeg dit asb biddend of jy nie kan help om weer die fonds te versterk nie. Oorweeg dit asb ook om in jou erflating 'n paar rand aan die fonds na te laat.

## **VERJAARSDAE**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

18 April	Else-Maré Els
19 April	Maryke de Lange, Sakkie Potgieter, Rudi van Niekerk en Tyli van Niekerk
20 April	Wendy Jackson, Thelma Nel en Poenie van der Merwe
21 April	Nico de Klerk, Dylan de Lange, Gerida van der Merwe en Chantel Viljoen
22 April	Jaco Maree, Lucian Pienaar, Steyn van Deventer en Chris van Zyl
23 April	Dirk Haarhoff, Alida Strydom en James von Wielligh
24 April	Jack Geysler, Jacques Robson en Ryno Scholtz
25 April	Marné Ackerman, Lienke Buchner, Jacques Conradie, Stefan Hanekom, Yolande le Roux en Nici Snyman
26 April	Lenke Barnard
27 April	Annica Botha, Anja Dreyer, Charl du Plessis, Daniël Grobler, Jakkie Pieterse, Nico Potgieter en Barbara Venter
28 April	Berno Burger, Piet Greyling, Este Lourens en Mias Nieuwoudt
29 April	Lecinda du Preez, Wiehahn Maritz, Oelof Noble, Bessie Petzer, Stephen Tait, Paul van Heerden, Ansunel van Rooyen, Zander van Rooyen en Riaan van Wyk
30 April	Tanja Claassen, Brandon Clark, Melissa Hamilton en Laura Krause
1 Mei	Erna Keevy



## **DANKOFFER**

Die eerste maand van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons finansiële verantwoordelikhede, met 'n klein tekort, nakom. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien. Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snpascan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma

Absa Tjekrek 1400590091

Takkode 632005



### **KLEUTERSKOOL BIBLIOTEEKPROJEK**

Ons ondersteun Ds Derick Meyburgh wat oa betrokke is by veertig kleuterskole in die distrikte van Cala en Elliot in die landelike Oos-Kaap. Hy wil graag 'n leeshoekie by elke kleuterskool beskikbaar stel. As elkeen van die 40 kleuterskole tien boeke kan kry, benodig hul 400 boeke om mee te begin.

Daar is nou 'n NGO wat isiXhosa boekies beskikbaar stel vir R10.00 per boekie. As u 'n bydrae tot die projek wil maak, betaal dit oor in die kerk se rekening en dui asb aan dat dit vir die Kleuterskool Biblioteekprojek is.